


RiG expaTax




migreer
emigreer
integreer



integrasie dienste

wyse integrasie van emigrasie



086 1221 777



expatax@rig.ac



www.rig.ac



integrasie van emigrasie

Is jy reeds in die buiteland, of oorweeg jy dit om te emigreer?

Sonder 'n deeglike plan, kan jou migrasie 'n gesukkel raak - soos voëls wat in verskillende rigtings fladder. Wees wys, en kry goeie raad.

RiG expaTax kan jou help om, soos in die geval van voëls wat in 'n geïntegreerde formasie vlieg, jou bestemming met minder spanning te bereik.



Suksesvolle emigrasie verg die integrasie van onder meer jou belasting-, boedel-, besigheids-, en beleggingsplan.

- Is jy 'n expat wie reeds in die buiteland woon of beplan jy nog om te emigreer?
- Is jy gereed is om jou finansiële bande met Suid-Afrika te breek?

RiG expaTax kan jou help. Ons skep 'n unieke en goed geïntegreerde emigrasieplan vir elke kliënt om jou geld veilig uit Suid-Afrika te skuif. Ons weet ook dat elke kliënt unieke omstandighede het, wat beteken dat 'n eenvoudige standaard oplossing waarskynlik nie vir jou sal werk nie. Deur jou persoonlik te leer ken, kry ons die insig wat nodig is om jou te help om ingeligte besluite oor jou buitelandse finansiële beplanning te kan maak.

8

Belangrike vrae wat jy as Suid Afrikaanse belastingpligtige moet kan antwoord



belasting

- 1 Wat moet expats weet oor Suid-Afrikaanse belastingwetgewing?
- 2 Wat behels die nuwe belasting-emigrasie?
- 3 Wat is die implikasies wanneer jy ophou om 'n belasting-inwoner in Suid-Afrika te wees?
- 4 Hoe verander jy jou Suid-Afrikaanse belastingstatus van 'n 'inwoner' na 'n 'nie-inwoner'?
- 5 Hoe stel jy die SAID in kennis dat jy opgehou het om 'n belastinginwoner in Suid-Afrika te wees?
- 6 Kan jy moontlik kwalifiseer vir 'n Suid-Afrikaanse belasting-terugbetaling?
- 7 Wat is 'n belastingklaring?

Kry die antwoorde op hierdie belangrike vrae in die aanlyn-artikel met die titel *Die 8 belangrikste belastingvrae vir SA expats*. Hier volg 'n kort antwoord op die laaste vraag:

- 8 Wat is twee van die belangrikste voordele om jou belastingverblyf in Suid-Afrika te staak?
 - Jy is dan nie meer aanspreeklik vir belasting op jou buitelandse inkomste in Suid-Afrika nie, en jy sal slegs hier belas word op inkomste uit plaaslik bronne.
 - Jy kan jou pensioen / voorsorg / uittree-annuïteit fondse te gelde maak - mits jy vir minstens drie jaar nie-inwonerstatus in Suid-Afrika behou het.

boedel

Erflatings uit Suid-Afrika kan ingewikkeld wees wanneer begunstigdes in die buiteland woon.

RiG expaTax help Suid-Afrikaners om die opbrengs van 'n bestorwe boedel na die buiteland oor te dra.

As 'n Suid-Afrikaner wat in die buiteland woon, kan jy voor een van die volgende uitdagings te staan kom:

- 1 Jy ontvang 'n erfporsie van iemand met bates in Suid-Afrika; of

- 2 Jy het self nog bates in Suid-Afrika (soos eiendom, aandele, pensioene of polisse) wat jy wil seker maak dat dit volgens jou wense met jou dood hanteer sal word.

In beide gevalle sal jy jou boedel sorgvuldig moet beplan om 'n gladde proses te verseker. Maak dus seker dat die opbrengs van die boedel aan die regte begunstigdes oorbetal word en jou testament(e) uitvoerbaar is.

RiG adviesdienste het 'n aanlynleerplatform met 'n klomp insiggewende kursusse. Besoek gerus www.rig.ac en maak seker jy registreer vir- en kyk na die volgende kort gratis aanlynkursusse in ons

School of
Wisdom

en leer onder andere hoe om buitelandse polisse in kombinasie met 'n kortvorm trust in jou buitelandse beplanning te gebruik.



Buitelandse polisse



Kort-vorm buitelandse trusts

bank


Alle geld wat in- en uit Suid-Afrika oorgeplaas word, word deur die Reserwe bank beheer. RiG expaTax kan buitelandse transaksies doen deur ons handelsbankvennote. Ons help kliënte om die regte buitelandse bankrekening aanlyn te open. Hierdie rekening word uitsluitlik gebruik om buitelandse valuta transaksies te doen.

RiG expaTax fasiliteer dan die buitelandse oorplasing in samewerking met 'n handelsbank- streng op die kliënt se instruksie.

beleggings

Dit is verder belangrijk om zeker te maak dat jou beleggings internationaal goed gediversiveer is en ook belasting slim bestuur word.

Maak veral seker hoe jou Suid Afrikaanse pensioen belggings voortaan in jou hande as expat belas gaan word. Kyk ook gerus na ons kursus wat jou sal help om jou uitree-annuiteit beter te verstaan.



Verstaan jou uittree-annuïteit

beplanning

Ander belangrike fasette van 'n holistiese plan in die buiteland sal ook gesprekke behels wat die volgende sake sal integreer:

burgerschap
besigheid
beroep



Loer gerus ook
na ons aanlyn
kursus:

Basiese buitelandse beplanning


Maak veral seker jou belastingbeplanning is in orde. Die verpligting rus op jou om seker te maak jou belastingstatus is reg aangeteken by SARS. Werk met ervare kundige professionele adviseurs saam wat uit 'n span spesialiste bestaan wie uit verskillende vakgebiede soos belasting, die regte, beleggings en buitelandse beplanning kom.

FPI	KA	SAICA
SAIPA	FISA	STEP

Durf die vreemde met die RiG expaTaxspan aan!
RiG - integrasie vir jou emigrasie.



Skandeer gerus onderstaande QR kode
in met jou slimfoon om dadelik toegang te
kry tot RiG expaTax se landingsblad met
opwindende lees - en kykstof:



Gee die eerste tree na integrasie deur ons
aanlynvraelys te voltooi wat jou sal help
om 'n beter perspektief te kry op jou
buitelandse beplanning.



E-pos jou naam, van en nommer na
expatax@rig.ac

om die skakel tot die vraelys te ontvang.
Ons sal jou dan kontak na jy dit voltooi
het vir 'n gratis verkennende gesprek
oor jou verslag.



Kontak ons gerus ook by:



086 1221 777



expatax@rig.ac



www.rig.ac

